



## Graad 9: Gereelde vrae

*Vrywaring: Hierdie dokument bevat die mees onlangse inligting (September 2022) wat op [www.maties.com](http://www.maties.com) verskyn en sal gereeld bygewerk word. Nietemin bly dit voornemende studente, ouers en/of onderwysers se verantwoordelikheid om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelings.*

- **Wat is die verskil tussen 'n universiteit, 'n universiteit vir tegnologie, en 'n TVET- ('tegniese') kollege?**

In Suid-Afrika is daar drie tipes instellings waar jy ná matriek kan gaan studeer: universiteite, universiteite vir tegnologie, en TVET-kolleges. Gemeenskapskolleges is meer onlangs bygevoeg vir diegene sonder matriek. Dit is belangrik om die verskil tussen hierdie instellings te verstaan.

### Wat is 'n universiteit?

Universiteite bied graadprogramme aan wat gewoonlik drie tot vier jaar duur om te voltooi. Toelatingsvereistes wissel en kan heel spesifiek wees. Basiese vereistes sluit in 'n Nasionale Senior Sertifikaat (matriek) met baie goeie punte, en sekere vakkeuses. Daar kan ook 'n lys spesifieke vereistes wees waaraan jy moet voldoen. Universiteitsprogramme bied hoofsaaklik teoretiese opleiding op 'n gespesialiseerde terrein. Hoe langer jy studeer, hoe meer gespesialiseerd word dit. As jy jou eerste graad voltooi het, kan jy ook nagraads studeer om 'n honneurs-, meesters- en doktorsgraad te behaal.

### Wat is 'n universiteit vir tegnologie?

Universiteite vir tegnologie bied hoofsaaklik diploma- en sertifikaatprogramme, maar ook 'n paar graadprogramme aan wat sowat drie jaar duur. Toelatingsvereistes hang af van die kursus waarvoor jy wil inskryf. Benewens die basiese eienskappe van 'n universiteit, plaas 'n universiteit vir tegnologie ook heelwat klem op vindingryke probleemoplossing en loopbaangerigte programme. Programme is prakties en sluit ervaringsleer in.

### Wat is 'n TVET- ('tegniese') kollege?

TVET is 'n afkorting vir 'tegniese en beroepsonderwys en -opleiding' ("technical and vocational education and training"). Opleiding by TVET-kolleges wissel van 'n paar maande tot drie jaar, en studente ontvang gewoonlik 'n sertifikaat aan die einde van 'n drie jaar lange kursus. Studente word vir beroepe op tegniese gebiede of vir sekere ambagte opgelei. Ambagte verwys na werke wat tipies prakties ingestel is en verseker dat vaardighede ontwikkel en geleer word. Diegene wat hulle studie voltooi, kan dalk daarna by 'n universiteit vir tegnologie inskryf om verder te studeer. TVET-kolleges konsentreer daarop om studente nie net met akademiese kennis toe te rus nie, maar ook met die praktiese ervaring om die arbeidsmag so vinnig en goed voorbereid moontlik te betree.



- **Hoe maak ek goeie vakkeuses, en waarom is dit so belangrik?**

Om goeie vakkeuses te maak is die eerste belangrike stap om uiteindelik 'n loopbaan te hê wat jou gelukkig maak. Ongelukkig moet hierdie belangrike besluit geneem word in 'n fase van jou lewe wanneer jy waarskynlik nog nie veel oor jou toekomstige loopbaan nagedink het nie.

Leerders kies dikwels hulle vakke op grond van faktore wat nie meer oor vyf jaar belangrik sal wees nie, byvoorbeeld:

- 'As ek Wiskunde kies, sal daar min tyd wees vir sport.'
- 'My skool bied nie die spesifieke vak(ke) aan wat ek nodig het om my droomloopbaan te volg nie.'
- 'Ek kies vak X, want ek hou van die onderwyser.' OF 'Ek kies nie vak X nie (of ek staak dit), want ek hou niks van die onderwyser nie.'

Om vakkeuses met jou vriende te bespreek, kan jou ook subjektief maak en jou laat sukkel om die vakke te kies wat werklik reg is vir jōu.

Bespreek dit liever met jou ouers, 'n onderwyser of 'n ouer broer of suster om jou op grond van jou navorsing 'n ingeligte keuse te help maak. Jou besluit behoort uiteindelik af te hang van jou vermoë om die vak te doen en enduit daarmee vol te hou.

- **Ek raak angstig as ek daaraan dink dat die vakke wat ek nou kies my toekoms sal beïnvloed. Waar begin ek?**

Ons verstaan dat dit oorweldigend kan wees om jou vakke te kies. Dit is waarom ons aanbeveel dat jy die webtuistes hieronder gebruik om 'n bietjie navorsing te doen en 'n paar nuttige wenke te kry wat dinge makliker behoort te maak.

Dalk het jy 'n paar loopbane in gedagte, maar jy's nie heeltemal seker vir watter program jy ná skool moet inskryf om jou droom te bewaarheid nie. Raadpleeg gerus die webtuistes van PACE Careers en GoStudy vir inligting oor verskillende loopbane, wat dit behels, hoe lank jy sal moet studeer, waar jy kan studeer, en watter vakke jy nodig het.

PACE Careers: <https://www.pacecareers.com/resources>

GoStudy: <https://www.gostudy.net/occupations>

Maatskappye wat in opvoedkundige hulpbronne spesialiseer, het ook nuttige materiaal wat jy kan aflaai. Probeer FundiConnect: <https://fundiconnect.co.za/>

Laai ons nuutste publikasies af:

- Minimum toelatingsvereiste boekie: [Minimumvereistesboekie\\_Afr.pdf \(sun.ac.za\)](#)
- Graad 9 en 11 vakkeuse en loopbaanadvies brosjure: [STELLENBOSCH UNIVERSITY \(virtualpaper.com\)](#)



- **Van die vrae wat dikwels in ons graad 9-sessies opduik**

*Hou in gedagte dat die antwoorde hieronder op die Universiteit Stellenbosch se huidige minimum toelatingsvereistes berus en dus kan verander. Gaan die vereistes elke jaar na en onthou ook dat dit kan wissel na gelang van die instelling.*

Hoe belangrik is my gemiddelde punt wanneer ek vakke kies?

Jou gemiddelde punt én jou punte in jou individuele vakke is albei belangrik wanneer jy by 'n universiteit aansoek doen. So, moenie sommer enige vakke kies net om dit klaar te kry nie, want dit kan uiteindelik 'n negatiewe impak op jou gemiddelde hê.

(Jou gemiddelde is byvoorbeeld ál waarna party beursskemas en Koshuisplasing tans kyk – hoe hoër, hoe beter.)

Tel 'n vak soos Rekenaartoevoegingstechnologie vir universiteitstoelating?

Ja, dit tel. Maak seker dat jou vakkombinasie jou graad 12 op baccalaureusvlak laat slaag (of 'n gelykstaande vlak as jy 'n internasionale kurrikulum volg).

Het ek Rekeningkunde nodig om 'n geoktrooieerde rekenmeester ("CA") te word?

Nee. Vir die BRek-programme kyk ons na (i) jou algehele gemiddelde, (ii) jou Taalpunte, en (iii) jou Wiskundepunte. As jy Rekeningkunde tot op graad 12-vlak het, sal dit die eerste semester van Finansiële Rekeningkunde op universiteit makliker maak, maar dit sal jou nie benadeel as jy dit nie het nie.

Het ek Geskiedenis nodig om regte te studeer?

Nee, jy het nie Geskiedenis op skool nodig om vir regstudie in aanmerking te kom nie. Ongeag watter een van die vier programme in Regsgeleerdheid jy oorweeg, moet jy goed wees in tale. Vir die programme BCom Regte en BRek Regte in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het jy ook Wiskunde nodig.

Het ek Inligtingstechnologie nodig om vir een van die Rekenaarwetenskappe-programme in te skryf?

Nee, dit is nie 'n voorvereiste nie. Ons kyk na (i) jou algehele gemiddelde, (ii) jou Taalpunte, en (iii) jou Wiskundepunte. Vir BSc Wiskundige Wetenskappe of Rekenaarwetenskappe kyk ons ook na jou Wetenskappunt.

As jy egter Inligtingstechnologie kán kies en daarin belang stel, sal dit net voordelig wees en jou 'n goeie basiese kennis gee.



### Watter studente vaar beter in Regstudie: dié met Wiskundige Geletterdheid of suiwer Wiskunde?

Gewoonlik vaar dié wat suiwer Wiskunde op skool gehad het beter as dié met Wiskundige Geletterdheid.

### Kan ek 'n BCom doen met Wiskundige Geletterdheid?

Nee. Ál die graadprogramme in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vereis verskillende vlakke van Wiskunde, en jy sal nie in aanmerking kom as jy Wiskundige Geletterdheid gehad het nie.

Om na Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se programaanbod te kyk, gaan na [www.maties.com](http://www.maties.com) > Wat kan ek studeer > Voorgraadse programme > Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

### Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid?

Ons raai leerders altyd aan om so ver moontlik Wiskunde te kies.

Verskillende instellings het ongelukkig verskillende vereistes, so jy sal behoorlike navorsing moet doen om seker te maak dat jy die vakkombinasie kies wat jou toegang sal bied.

Om 'n ingeligte besluit te neem oor of jy Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid moet neem, sal jy jou belangstellings en moontlike vakgebiede moet ondersoek. Sekere vakke is nuttiger as ander en ontsluit heelwat meer moontlikhede. Ons sien dikwels dat leerders 'n vakgebied in gedagte het, maar dan nie daarvoor kan aansoek nie, want hulle het nie die regte vakke nie.

### Wat van die kombinasie van Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe? Daarmee kan ek mos byna enigiets gaan studeer?

Dit is so dat sommige van of ál hierdie vakke 'n vereiste is vir baie programme in die fakulteite Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

Maar as jy swak vaar in dié vakke of dit haat, sal jy heel waarskynlik ook nie die hoëronderwysmoontlikhede of loopbane geniet waarheen dit lei nie. Wees verstandig en probeer vind 'n balans tussen sogenaamde 'toegangsvakke' en jou belangstellings. Die risiko is dat jy jouself met toegangsvakke oorlaai en dan swak presteer, wat jou eksamenpunte in gedrang bring. Trouens, jou gemiddelde kan uiteindelik so laag wees dat jou kans om aan 'n tersiêre instelling te studeer uiters skraal is.



Sê nou ek's aan die einde van graad 9 steeds onseker oor of ek Wiskunde en/of Fisiese Wetenskappe moet neem?

Die beste opsie sal wees om die vak in graad 10 te neem en dan jou besluit aan die einde van die jaar te heroorweeg op grond van jou punte. Maak egter seker dat jy teen die begin van graad 11 die nodige veranderinge aanbring, want jy moet jou graad 11-eindeksamenpunte vir jou universiteitsaansoek gebruik.

Wat beteken 'minimum toelatingsvereistes'? Sal ek vir 'n program aanvaar word as ek net-net aan die minimum vereistes voldoen?

Minimum akademiese vereistes behoort as 'n realistiese riglyn vir jou vakkeuses te dien. Dit sal help keer dat jy in graad 12 skielik besef dat jy hetsy die verkeerde vakkombinasie het of slegs aan die absolute minimum vereistes voldoen om vir 'n universiteitsprogram in aanmerking te kom. Hou egter in gedagte dat die minimum vereistes net 'n riglyn is; dit is nie waarna jy moet mik nie. Voldoening aan die minimum vereistes waarborg nie toelating nie.

- **Watter programme word net by die Universiteit Stellenbosch aangebied?**
  - Die Agriwetenskappe fakulteit bied 3 unieke program area aan:
    - Wingerd- en Wynkunde
    - Houd en Houtprodukkunde
    - Die enigste Gewasseproduksie Departement aan 'n Universiteit in SA wat fokus op sagtevrugte, sitrus en Kaapse Flora en Bessies.
  - Die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe fakulteit bied hierdie unieke programme aan:
    - Diploma in Volhoubare Ontwikkeling
    - BRekLLB
    - BCom Internasionale Besigheid, 'n kombinasie van die programme BCom Bestuurswetenskappe en BA Internasionale Studie. Hierdie vier jaar lange program sluit 'n uitruilbesoek van ses maande in.
  - Die land se eerste gespesialiseerde Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, wat 'n interdisiplinêre program aanbied met agt fokusgebiede wat oor vier fakulteite strek. Die Skool het in 2021 sy eerste studente ingeneem.
    - Analitika en Optimering (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
    - Gedragseconomie (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
    - Geoinformatika (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)
    - Rekenaarswetenskap (Fakulteit Natuurwetenskappe)



- Statistiese Fisika (Fakulteit Natuurwetenskappe )
  - Statistiese Genetika (Fakulteit Agriwetenskappe)
  - Statistiese Leer (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
  - Toegepaste Wiskunde (Fakulteit Natuurwetenskappe)
- 
- o Alle Ingenieurswese-programme volg dieselfde eerste jaar, behalwe die nuwe Data Ingenieurswese stoor, wat uniek is en studente 'n bietjie speelruimte bied om nog van fokusgebied te verander, nadat hul alle modules in hul eerste jaar suksesvol voltooi het.
  - o BSc in Polimeerwetenskappe
  - o As voorlopers in die veld om te die oorskuif na 'n koolstof-nutrale universiteit te fasiliteer, is die Skool vir Klimaatstudie in 2021 geopen. Dit is die eerste skool van sy soort in Suid-Afrika wat die status van 'n fakulteit het.
- 
- **Watter programme word nie by die Universiteit Stellenbosch aangebied nie?**
    - o Argitektuur en programme oor die Beboude Omgewing
    - o Tandheelkunde
    - o Veeartsenykunde
    - o Mariene Biologie
    - o Gasvryheidstudie

As jy egter 'n spesifieke loopbaan in gedagte het, vra asseblief. Een van ons programme kan jou heel waarskynlik by daardie loopbaan uitbring, selfs al klink dit nie so aan die programnaam nie.

- **Ek het nóg vrae ...**

Waarom bespreek jy nie 'n graad 9-vakkeuse-assessering nie? Die diens word sowel aanlyn as in kontakvorm aangebied. Kontaktoetsing vind by ons kantoor op Stellenbosch plaas.

**Koste:**

Maandae tot Vrydae: R2 500 per kliënt | Saterdag: R2 950 per kliënt

Die fooi is binne 48 uur ná bespreking betaalbaar. Die koste is van toepassing op sowel kontak- as aanlyn assesserings.

*\*Hou gerus die webtuiste [www.maties.com](http://www.maties.com) en ons Facebook-blad dop vir spesiale aanbiedinge!*



**Stellenbosch**

UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

forward together  
sonke siya phambili  
saam vorentoe

**Om te bespreek:**

E-pos: [csr@sun.ac.za](mailto:csr@sun.ac.za)

Telefoon: 021 808 4709

<http://www.sun.ac.za/english/maties/Pages/Career-CareerAdvice.aspx>

*Let wel:*

- Ons is gedurende skoolvakansies oop.
- Assesserings word slegs volgens afspraak gedoen.
- Ander dienste (soos loopbaanvoorligting by skole, of spesiale projekte en/of werksessies) is ook beskikbaar. Koste sal van die aard van die projek afhang.
- Ons assessee slegs persone tussen die ouderdom van 15 en 21.
- Graad 10-leerders word slegs geassesseer indien hulle 'n verandering in vakke oorweeg.